Ware geestelike drank uit die ware geestelike Rots

Teks: 1 Korinthiërs 10: 1 - 33
Teksvers: 1 Korinthiërs 1: 3 & 4

1. Inleiding

Ons gebruik vanoggend weer in hierdie erediens die sakrament van die Heilige Nagmaal. En daarom maak dit natuurlik sin om te fokus op die rol wat die sakrament van die Nagmaal in my lewe speel? Hoe berei ek voor? hoe kom sit ek aan? Hoe gebruik ek? Hoe gaan ek weg van die tafel van die nagmaal? Maar miskien nog belangriker, is ek hier vanoggend omdat dit een van die belangrikste datums in die jaar vir my is. Of bloot omdat ek toevallig hierdie naweek niks belangriker aan het nie?

Want sien die sondige natuur binne ons is goed met die manipulering van enige situasie. Die manipulering om dinge in my guns te laat geskied. Maar hierdie sondige natuur binne ons is juis ook oorwin en herskep, deur ’n geestelike werklikheid binne ons. En dit is waar ons is op die geloofspad vandag. En daarom wil ons fokus op die rol van die nagmaal hier en nou op my lewenspad.

Die nagmaal soos baie geloofsake het twee skerp kante, die tweesnydende swaard gedagte. Na die een kant sny dit soos ’n straf of oorlogswapen, dit sny om dood te maak. Maar na die anderkant sny dit soos ’n mes in die hand van ’n begaafde chirurg. Dit sny om gesond te maak, om juis die lewe te bewaar. Wat interessant is, is die feit dat ons figuurlik van presies dieselfde mes praat. Kom ons verduidelik hoe die elemente van die nagmaal, kan veroordeel of genees.

2. Ware geestelike voedsel en drank

Maar voor ons oor die veroordelende of genesende eienskappe van die elemente van die nagmaal kan praat, wat is die elemente van die Nagmaal? Ons fokus van uit 1 Corinthiërs 10 vandag op beskrywing van hierdie elemente aan die begin van die hoofstuk. Hoofstuk 10 begin met ’n verwysing na die twee sakramente wat die Nuwe Testamentiese kerk tot vandag toe erken en bedien. Die heilige doop, in vers 2 en die heilige nagmaal in vers 3 en 4.

Daarom dan natuurlik ons teksverse, vers 3 en 4 by hierdie nagmaalsgeleentheid. Die doop word in vers 2 by name genoem. Maar die sarkrament van die nagmaal is so bietjie weggesteek onder die geestelike spys en drank. Tog word albei onteenseglik aan ons Here Jesus Christus gekoppel. Die rots wat Christus staan immers letterlik aan die einde van die 4de vers.

Soos dikwels die geval in die Ou Testament is, is die letterlik geskiedenis ook profesieë en openbarings oor die toekoms. Die water uit die rots waarop die Here staan gebeur baie letterlik by Massa en Meriba wanneer die volk deur die woestyn trek. Ons lees in Eksodus 17:6 “ 6Ek sal daar reg voor jou op die rots by Horeb staan. Dan moet jy teen die rots slaan, en daar sal water uitloop vir die volk om te drink.”

Maar op ’n groter manier is die Here nie net teenwoordigheid in hierdie enkele gebeure nie. Hy gee van die begin af die Verlossing en krag aan die volk om te kan trek deur die woestyn, ’n menslike onmoontlike ekspedisie in daardie tyd. En dit is hierin wat die hart van sakramente ook saamgevat word. ’n Permanente en voltydse verhouding met die Here, wat bevestig word in sigbare, tasbare elemente op spesifieke oomblikke. En daarom het die tasbare elemente dieselfde karakter.

Die rots wat saam met die volk deur die woestyn getrek het is uiteindelik die klip wat die bouers afgekeur het, maar juis die belangrikste klip in die gebou geword het. Dit is ons Here Jesus Christus.

3. Om ’n oordeel oor myself te drink

In ons teksgedeelte vanoggend is die fokus egter nie so erg op die afkeur van die rots nie. Want ons as kerk van die Here sal tog nooit heeltemal ons enigste Verlosser verwerp nie. Trouens dit is ook nie wat die israeliete

gedoen het in die woestyn nie. Hulle het steeds gretig van die geestelike voedsel en drank gebruik. Maar tog het hulle steeds gesterf as veroordeelde ongelowiges. Hoe is dit moontlik wil ons onmiddelik vra.

Die antwoord lê in afgodery. Hulle het deelgeneem aan die nagmaal, maar net vlugtig en dan aan ’n ander gewyde tafel gaan sit. Ons sien in vers 21: “[21]Julle kan nie die beker van die Here drink en ook die beker van bose geeste nie. Julle kan nie deel hê aan die tafel van die Here en ook aan die tafel van bose geeste nie.” Ons kan dit vandag beskryf as ’n gelowige wat darem 4 keer ’n jaar die sakrament van die nagmaal gebruik, maar verder is geloof nie sigbaar in sy/haar lewe nie.

God laat nie hierdie dubbel gewydheid toe nie, wat spoedig sal die afgod die oorhand begin kry. Sien ons dit nie self in ons eie lewens gebeur nie. Die idee van, ek sal gaan na eredienste en ander kerklike aktiwiteite mits dit nie inmeng met ander sake in my lewe nie. Hoeveel van ons raadpleeg eers die kerkkalender voor ons ander aktiwiteite in ons lewens beplan? Aanbid ons nog die Here, of swaai ’n ander afgod die septer in my lewe?

Maar terug by die persoon wat net die 4 nagmaal geleentehede ’n jaar gebruik en houtgerus dink sy/haar geloofslewe is in orde. Daar is geen magiese kragte in die elemente van die nagmaal nie. En wanneer ons die elemente verhef tot bonatuurlike geestelike medikasie, mis ons die punt van die sakrament van die Heilige Nagmaal. En beweeg ons op die gebied waar my deelname uiteindelik ’n oordeel oor my eie ongeloof word. En ons weet dat ons uiteindelik nie net hierdie oordeel oor onsself eet en drink nie, maar ook oor ons broer en suster in die gemeenskap van die gelowiges.

4. Om waardig te wees om deel te hê aand die hemelse spys en drank

Maar daar is vandag in genade ’n ander manier om die sakrament van die Nagmaal te gebruik. Trouens dit is juis wanneer die sakramente op hierdie manier gebruik word, dat troos en hoop daaruit voortspruit. Van die begin af wil God naby wees aan die mens. Die sonde soos weet bring skeiding. En daarom leef die mens ver van die Here. Iets wat vir ons meer en meer duidelik word wanneer ons ook om ons rondkyk.

Maar dan, in genade stuur God Sy eniggebore Seun om weer naby te wees. Hy kom word mens en leef tussen die mense. Maar nie om maar net saam te sondig nie. Nee, juis om met Sy sondelose liggaam die offer te bring vir ons sondes. Om hierdie pad na die teenwoordigheid van God weer te herstel. Dit gebeur 2000 jaar gelede. Maar vandag werk die Heilige Gees in ons die geloof om hierdie Verlossing vas te gryp en vas te hou.

Ons gaan vandag ook deur beproewing. Dikwels is dit gevolg van ons eie sonde, of die sonde van mense rondom my. Miskien is dit bloot die gevolg van die gebroke werklikheid wat ons deel is na die sonde val. Maar dan kom gee die Here die sakrament as tekens en seëls om hierdie geloof wat die Heilige Gees in ons werk te versterk. Daarom lê die krag nie in die letterlike elemente hier voor my nie, dit is blote brood en wyn. Die krag lê in die Verlossing in ons Here Jesus Christus, wat ook my oorwinning word deur die geloof.

Die sakrament van die Nagmaal bring my op ’n tasbare manier in herinnering aan hierdie genade van die Here. En daarom wanneer ons waardig met die regte gesindheid die sakrament van die nagmaal gebruik, trek dit ons weer nader aan die Here.

5. Slot

Ons kan hierdie preek afsluit deur nog verder uit te fokus. Ons kan fokus op die groter openbaring. Die genade van die Here wat al op ’n besondere manier ook teenwoordig is in die Ou Testament. Soos ons gesien het, is dit dieselfde genade waarin ons steeds vandag deel. Daarom is die sakrament van die Nagmaal ook ’n tydlose teken en seël wat ons weer opnuut bind aan hierdie genade van die Here.

Ons het egter ook gesien dat ons nie hierdie genade bloot moet misbruik vir ons eie belang nie. God bly ’n jaloerse God wat nie afgodery duld nie. Daarom wanneer ek my geloof, en geloofshandeling soos die sakramente bloot gelyk om minderwaardig aan ander sake in my lewe stel, verloor dit daardie reddende krag. Inteendeel dan beweeg ons op die gebied van ’n oordeel oor myself eet en drink.

Maar genadiglik is die ander kant van die saak ook waar. Wanneer ek ywerig die genade van die Here kom opsoek in die sakrament. Die tasbare bewys van die geloof wat ek koester in my lewe. Dan is die tekens en seëls van die

Nagmaal tot versterking van my geloof. Want dan herinner dit my met al my sintuie aan die volmaakte offer wat ons Here Jesus Christus gebring het ter regverdiging van al my sondes.

Amen